

# KARA EN DIE KREATUUR



**DEUR JANA SNYMAN**

[afrikaans.com](http://afrikaans.com)

# DEUR JANA SNYMAN

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER

## Kara en die kreature ...

“Jy jok!”

“Is nie, ek belowe hasie ore, ek jok nie!”

Kara verstik amper aan haar ysie so kwaad is sy. Hoe durf Johan vir haar sê sy jok? Sy het mos met haar eie oë gesien hoe die vlieënde piering-kontrêpsie in hulle agtertuin land!

“Toemaar, ek sal jou nog wys!” skree Kara agterna toe sy vies omdraai en huis toe hardloop, haar ysie stukkend gedruk soos sy haar vuiste klem. “Die domkop,” mompel sy toe sy by die huis ingestap kom.

“A nee a,” raas Kara se ma. “Wie noem jy nou ‘n domkop?” vra sy streng.

Kara wil-wil begin baklei, maar sy gaan sit, nog steeds omgekrap, by die kombuistoonbank en swaai so paar keer heen-en-weer op die kombuisstoeltjie. Sy wonder of sy met haar ma die geheim kan deel? Sê nou maar net haar ma is een van die *aliens*? Want, sjoe ... sy het al haar ma in die oggende gesien voor sy haar gesig aansit en sy lyk nogal gevaarlik ...

“Ag, dis sommer Johan wat al weer hulle skilpad in die swembad gegooi het om te kyk of hy kan swem,” antwoord sy skuldig terwyl sy haar ma se reaksie dophou.

“Ai, seuns is ook darem maar anders,” sê haar ma ook vies. “Ten minste is jy soet en gaan soek jy nie skoor soos die bure se mannetjie nie!” antwoord Kara se ma en gee haar ‘n soen op die voorkop voor sy na die motorhuis toe loop. “Ek gaan bietjie by tannie Susan kuier ...” sê haar ma terwyl sy haar stip dophou. “Moenie die huis afbrand terwyl ek weg is nie, reg?”

“Jaaaa-maaaaaaa,” antwoord Kara met ‘n steemstem.

As haar ma maar net geweet het, giggel sy saggies en spring van die stoel af. Sy begin die trappe klim wat opgaan na haar kamer toe. Voor sy die tweede trap kan klim, haak haar voet skielik vas en val sy op haar gesig op die trap. Toe sy haar kop oplig, voel sy die aakligste, slymerigste jellie aan haar gesig vasklou. “Wat de...” en voor sy haar sin kan klaarmaak, besef sy dat haar voet ook aan iets vasklou. Sy kyk af maar sien niks nie, sy voel net die slymerige treksel wat haar voet teen die trap laat vasklou.

“Ewwwwwwww!” skree Kara in ‘n skril stem. “Dis ... dis ... grillerig?” praat sy met haarself in ‘n skril stemmetjie.

Sy probeer die slym van haar gesig aftrek en terselfdertyd haar voet uit die slymbal op die grond ruk. Toe sy uiteindelik los is, kyk sy verward om haar. Wat op aarde is die grillerige-slymerige goed op die grond? Het haar ma weer een van haar roombottels gebreek? Kara ril terwyl sy na die res van die trappe wat na bo loop.

Stadigaan begin sy een vir een die slymerige trappe klim en probeer hier en daar om nie weer vas te sit nie.

Toe sy bo is, vries sy. Op die donker plankvloere kan sy presies sien hoe die slymerige merke op die grond lê. Dit lyk asof dit deur iemand op die vloer rondgesleep is. MAAR ... net na een deur toe ... haar kamerdeur!

Kara se hart bons woens in haar bors. Wat as dit 'n groot slak is wat haar gaan versmoor met sy grillerige-slym wonder Kara ... Sy haat slakke!

Kara haal diep asem en loop dan stadig nader aan die deur wat op 'n skrefie oopgemaak is.

"Hell ... helloooo ... wi ... wie is daar?" vra sy versigtig voor sy al nader aan die deur skuif. Al wat sy hoor is 'n snaakse suiggeluid ... so asof iemand iets van die grond af opslurp ... tipies iemand soos domkop Johan dink sy by haarself. "Fokus Kara ... fokus," raas sy saggies met haarself.

Die deur kraak saggies voor haar oop. Haar oë vasgenael op dit wat dalk voor haar gaan verskyn ... 'n aaklige skelm wat baie sweet, of 'n groot slak wat haar gaan insuig! Met die deur nou heelmal oop kan Kara haar oë nie glo nie ...

Selvs nie in haar wildste verbeelding of storieboeke, het sy al ooit so iets beleef nie ...

Voor haar staan twee vreemde voorwerpe ... lank, vet en baie deurskynend. Hulle lywe lyk soos 'n fontein van slym met die slymerige vloeistof wat die hele tyd teen hulle lywe afloop. lewers steek daar twee groen oë onder die slym uit en hul bene en hande drup elke keer wanneer hulle dit oplig ... Maar wat is dit? Dit lyk komplete soos slymmonsters ... behalwe dit is nie monsters nie ... nee beslis nie! Kara het al vantevore gelees oor dié kreature en wat sy hier voor haar sien, is presies dit ... *ALIENS!*

Ai tog, dink Kara, haar oë vasgenael op die kreature hier voor haar.. Sy het beslis geweet dat die piering-kontrêpsie van gisteraand die tuig van *aliens* was, maar sy het nooit gedink die slymbolle gaan in háár kamer te lande kom nie! As sy maar net by Johan gebly het was sy nie nou in die moeilikheid nie.

En wat op aarde soek hulle hier ... in haar kamer?

"Neee-hauuuu-shiiiiii" praat die een slymbol vinnig en steek sy slymerige, druppende hand na haar uit.

O vet, dink sy. Vat sy sy hand word sy dalk getoor'en verander self in 'n *alien*. Vat sy nie sy hand nie raak hy dalk kwaad en versmoor haar met sy slymerige hand. Sy knyp haar oë toe en steek haar hand bewerig uit na die kreatuur hier voor haar.

Verbasend genoeg skud hy haar hand en los dit dadelik. Die slym wat agterbly is darem nie so taai soos die op die vloer nie. Kara verkyk haar aan die twee hier voor haar en hulle bekyk haar ook deeglik.

“Ha-long-du-pa ... ki-la-tu-fo?” vra die ander kreatuur iets vir Kara in ‘n taal wat sy nog nie eens op die televisie gehoor het nie. Die kreatuur wys met sy hand na haar lawalamp wat op haar lessenaar staan.

“LAAA-WAAAAAA-LAMMMMMMP,” klank Kara die woorde versigtig. Die twee kreature kyk onseker na haar en probeer dan weer.

“Ha-long-du-pa,” praat die ander een weer in die vreemde woorde.

Kara kyk verward na die twee slymballe voor haar. Wat op aarde soek hulle van haar? En hoekom kyk hulle so verlangend na haar lawalamp?

“Wil – jy – dit – hê?” klank sy weer stadig haar woorde en skud haar kop so asof sy net probeer ja sê vir wat ook al die ding by haar wil hê.

Uiteindelik helder die kreature se blou ogies op. Hulle kyk vir mekaar en sonder enige waarskuwing tel die een kreatuur die lawalamp op, bekyk hom en dan – woeps – sommer net so, sluk hy hom in.

“Wat de ... ?“ Net voor sy die woord sê wat haar ma tog so haat, val haar mond oop en vergeet sy skoon wat sy wou sê.

Die kreatuur voor haar wat die lawalamp ingesluk het, gloei nou met die mooiste en helderste kleure van rooi, blou, geel en oranje. Hy lyk kompleet of hy ‘n reënboog is wat skyn.

“Wow,” kry Kara die woorde uit.

Die twee kreature kyk na Kara en dan vir mekaar en lag en klap hande, duidelik baie opgewonde. Dan sien sy hoe die een kreatuur sy hand in sy sogenaamde mond druk, die lawalamp *wragties* uithaal en dit in die ander kreatuur se mond druk. En weer is dit die mooiste kleure wat deur hom skyn.

Ewe skielik kom daar ‘n lig ... beslis nie meer ‘n lawalig nie ... by Kara op. DIS hoekom hulle gisteraand hier op hulle erf te lande gekom het! Hulle het die mooi kleure van haar lawalamp gesien en seker gedink dit sal hulle vaal, slymerige velle ‘n bietjie kleur gee! Kara se pa het die lamp vir haar gekoop omdat sy bang was vir die donker en dit altyd mooi kleurskynsels gemaak het wat haar help slaap het.

Gisteraand het Kara vergeet om haar gordyne toe te maak en net skielik wakker geraak van ‘n helder lig en gerommel van die vlieënde kontrêpsie! Nou maak alles sin! Hulle was die hele tyd maar net agter haar lawalamp aan en wou niks aan Kara doen nie!!

Skielik baie bly met dit wat sy besef het, glimlag sy breed vir hulle en knik nog ‘n keer haar kop!

Die kreature lag en waai hulle hande so dat die slym orals teen die mure en kaste spat, die een kreatuur nog met die lawalamp in sy maag. Hulle waai vir haar en seil dan deur die oop kamervenster agter hulle.

Soos wat hulle na buite seil, loop Kara versigtig na die venster toe. En daar, onder op die gras, sien sy weereens die vlieënde piering-kontrêpsie ... die einste

een wat Johan gesê het nie bestaan nie! Sy sien hoe die kreature in die piering inseil, met die pragtige kleure van die lawalamp wat heelyd om hulle gloei.

Wel, ten minste weet sy nou dat haar ma nie regtig 'n *alien* is nie ... sy is nie slymerig genoeg nie.

Sy kyk hoe die tuig opstuig en by die venster van die tuig staan die twee kreature en waai. Sy waai terug en sug hardop toe die tuig buite sig is! "Ai, niemand gaan my glo," sê sy en skop na die punt van haar bed. Sy wat Kara is het tog *aliens* gesien ... regte, egte *aliens*!

Sy sit so oomblik op die bed toe sy 'n briljante idee kry. Sy spring-spring oor die slym, en gryp 'n plastieksak en grafie wat in die kas lê.

"Nou gaan ek hom 'n ding of twee wys," giggel Kara terwyl sy die slym met die graaf optel en in die plastieksak gooi.

Nadat sy die meeste van die slym in die sakkie geskep het, hardloop sy vinnig by die agterdeur uit, en gaan loer deur die gleufie van die muur wat haar en Johan se erwe van mekaar skei. Sy sien hoe Johan by die swembad sit en met sy karretjies speel.

Sy staan regop, tree terug en met alles in haar gooi sy die sak met slym oor die muur.

DWAAAA.

"Hoe ... Einaaaa ... Siiiiessssssaaaaa," hoor Kara hoe Johan histeries gil en sy loer weer deur die gleufie in die muur om te sien hoe hy sukkel om al die slym van sy gesig af te kry. Giggelend hol sy vinnig die huis binne voordat hy oor die muur loer. Dit sal hom mos leer om vir haar te sê sy jok.

In die huis probeer Kara vinnig die orige slym van die trappe en in haar kamer skoonmaak, voor sy soet voor die televisie gaan sit en wag daar haar ma moet terugkom ... geen spoor van wat vanmiddag gebeur het nie, nee wat, dit sal haar geheim bly!

Sy hoor die motorhuis oopgaan en haar ma se hoëhakskoene op die houtvloere.

"Ek is terug," roep haar ma.

"Hello, mammie," antwoord Kara.

"Enigiemand gebel toe ek weg was?" vra haar ma.

Kara glimlag vroom.

"Nee, niemand het gebel nie..." maar wel kom kuier dink sy by haarself.

Kara hoor hoe haar ma haar goed neersit, skoene uittrek en dan die trappe ooploop. Sjoue, sug sy, dit was darem amper-amper of sy het die *aliens* gesien.

“KAAAA---AAA—RRRRR—RRR-AAAAA!” gil haar ma van bo af.

Kara se oë rek so groot soos pierings ... Oeps! Sy het dalk vergeet om een kol op te vee ...

Sy trippel saggies by die huis uit ... Sy is beslis nie lus vir nog 'n kreatuur vandag nie!